Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Sarelda Koopman**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Sarelda.Koopman@westerncape.gov.za | 021 467 9325

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20241028-7804

Kurrikulum VOO-minuut: 0007/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van vaardigheidskole en gewone openbare en onafhanklike skole

**Onderwerp: Verlenging van die proefprogram betreffende die implementering van beroepsgerigte vakke in goedgekeurde gewone openbare skole en onafhanklike skole**

1. Die Raad van Onderwysministers het goedkeuring verleen vir 'n proefprogram wat die implementering van 'n loopbaangerigte kurrikulum in vaardigheidskole behels. Hierdie proefprogram het in 2020 ten einde geloop en hierdie kurrikulum is in 2021 volledig in vaardigheidskole in werking gestel.

2. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel van die verlenging van die proefprogram in ooreenstemming met die huidige bepalings, soos gekommunikeer deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se Omsendbrief S13 van 2023, gedateer 10 Mei 2023 en Omsendbrief S2 van 2024, gedateer 26 Januarie 2024.

3. Die proefprogram word verleng om voorsiening te maak vir die finalisering van beleidsprosesse.

4. Die DBO se Omsendbrief S10 van 2020, gedateer 19 November 2020, het riglyne verskaf vir die volledige implementering van die loopbaangerigte kurrikulum in vaardigheidskole en 'n proefprogram vir die implementering van die beroepsgerigte kurrikulum in gewone openbare skole.

5. Die DBO se Omsendbrief S13 van 2023 het skole in kennis gestel van die verlenging van die proefprogram en die uitbreiding van die programaanbieding vir die kurrikulum.

6. Skole wat tans die proefprogam volg, moet in 2025 voortgaan om die goedgekeurde vak(ke) vir graad 8 en graad 9 aan te bied.

7. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal skole in kennis stel wanneer die beleid gefinaliseer is en die datum vir volledige implementering van die DBO ontvang word. Let asseblief daarop dat die protokolle wat gevolg moet word om nuwe vakke aan te bied, sal ooreenstem met die inligting in Omsendbrief 0036/2021, gedateer 18 Junie 2021.

8. Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders en betrokke personeel by skole te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-11-14